AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

JUNIE -EKSAMEN : GRAAD 10 -2018

VRAESTEL TWEE- LETTERKUNDE

TYD: 2 UUR

PUNTE : 70

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 8 BLADSYE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS.**

   **AFDELING A : POËSIE**

   - Beantwoord **ALTWEE** gedigte ( 35 punte)

   **AFDELING B : PROSA**

   - Beantwoord **ALTWEE** kontekstuele vrae ( 35 punte)

2. Voer die instruksies wat aan die begin van elke afdeling gegee word, noukeurig uit.
3. Nommer jou antwoorde soos die vrae in die vraestel genommer is.
4. Skryf netjies en duidelik
5. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
6. Beplan jou tyd!

## AFDELING A – POËSIE

Beantwoord **ALTWEE** vrae in hierdie afdeling

**VRAAG 1**

Lees die onderstaande gedig goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

***Martha*** — **Ronelda S. Kamfer**

***my ma se naam is Martha as***
***iemand my eendag vra hoe baie ek***
***haar liefhet sal ek net sê dat toe***
***ek vier jaar oud was het ek saam***
***met haar in die donker trug huis toe***
***gestap van 'n biduur af waar my***
***pa gewag het om haar te slaan***
***sodra sy instap my ma het altyd***
***vinnig gestap huis toe na haar***
***ander kinders en man toe***
***ek moes sukkel om by te bly***
***toe skielik toe begin ek te huil***

***alleen in die donker omdat al my***
***liefde vir haar niks beteken nie***

VRAE :

1.1. Watter soort spreker kry ons in hierdie gedig ?

Gee 'n rede vir jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. (2)

1.2 . Hierdie gedig is 'n Engelse sonnet. Gee **TWEE** redes waarom jy so sê. (2)

1.3. Wat is die verwantskap tussen die persoon in die titel en die spreker ?

Haal slegs **SES AGTEREENVOLGENDE WOORDE** aan as jou antwoord. (1)

1.4. Is die spreker nog 'n klein kindjie ? Hoe weet jy dit ? (1)

1.5. Haal **EEN** woord aan wat vir ons sê dat die spreker en haar ma godvresend en gelowig is. (1)

1.6. Wat verstaan jy onder "biduur" ? (2)

1.7. Haal **EEN WOORD** uit die gedig aan wat vir ons sê dat die biduur laat in die nag plaasgevind het. (1)

1.8. Watter "verwelkoming" het die spreker se ma van haar man ontvang toe sy huis toe gegaan het ? (1)

1.9. Gee 'n moontlike rede hoekom haar pa haar ma geslaan het. (1)

1.10. Verduidelik in slegs **EEN SIN** hoekom die spreker se ma vinning huis toe geloop het. (1)

1.11. Die spreker was die enigste kind.

Haal **TWEE AGTEREENVOLGENDE** woorde wat bogenomde stelling **ONWAAR** maak. (1)

1.12. Die woord "donker" word herhaal. Hoekom,dink jy, is dit funksioneel ? (1)

1.13. Wat kan jy sê oor die pa se karakter ? (Slegs **EEN SIN** ) (1)

1.14. Gee 'n moontlike rede hoekom die spreker "alleen in die donker" gaan huil het. (1)

1.15. Hoe sal jy reageer as jou pa jou ma slaan ? (1)

**[18]**

**EN**

Lees die onderstaande gedig goed deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Halala Afrika**

deur Johannes Kerkorrel

1. Toe die wêreld hier nog jonk was
2. en die horison wyd en oop
3. was dit groen hier in die halfrond
4. suid van die ewenaar
5. en in die skemer as die son sak
6. en die beeste huis toe loop
7. klink die roepstem van die vroue
8. oor die heuwels van die land:
9. halala,halala
10. ewig is ons Afrika.

11. tula tula mtanami
12. tula tula sanaboni,
13. tula tula mtanami
14. ubab uzobuya sihlale naye,
15. ubab uzobuya sihlale sonke,hmmm-hmmm

16. toe kom die skepe uit die weste
17. wit seile oor die see
18. om te vra vir kos en water
19. en te bly vir so veel meer.
20. en die land wat een tyd oop was
21. die land het ons verruil
22. vir die ghetto's van die stede
23. is ons koperdraad gegee.
24. halala Afrika
25. sasiphila kamnandi
26. mayibuye Afrika

27. daar was rykdom in die maag
28. van ons moeder Afrika
29. diamante en ook steenkool, goud, edel metaal
30. en die mense word die slawe hier
31. want die mense word betaal
32. om te tonnel in die aarde
33. elke greintjie uit te haal
34. en die groot en oop grasvlaktes
35. span dit toe met doringdraad
36. en van die olifant tot die gemsbok
37. al die diere moes kom buig
38. voor die mag van die grootwildjagter
39. voor die mag van sy groot geweer
40. totdat net die stilte oorbly
41. tot net die stilte heers.

42. halala, mayibuye Afrika

VRAE:

1.16. Haal 'n versreël aan om te bewys in watter kontinent die gebeure in hierdie gedig plaasvind. (1)

1.17. Watter soort gedig is "Halala Afrika" ? (1)

1.18. Noem **TWEE** eienskappe van hierdie soort gedig. (2)

1.19. Watter woord in strofe 1 dui aan dat hierdie gedig soos 'n verhaal is ? (1)

1.20. Pas **KOLOM A** BY **KOLOM B** aan. Skryf slegs die nommer en die korrekte letter neer

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.20.1. "rykdom in die maag" | A. alliterasie |
| 1.20.2. "groot en oop vlaktes" | B. kontras |
| 1.20.3. "in die skemer as die son sak" | C. assonansie |
| | D. personifikasie |
| | E. vergelyking |

(3)

1.21. "daar was rykdom in die maag" (versreël 27)

1.21.1. Waarna verwys die word "maag" in versreël 27 ? (1)

1.21.2. Wat dink jy was die rykdom wat die kolonialiste in die "maag" gevind het ? Noem **EEN** ding. (1)

1.22. Noem **TWEE** dinge wat die mense op die skepe eers wou hê ? (1)

1.23. Watter bewys is daar dat die vroue se stemme hard was ?

( Haal slegs **EEN WOORD** aan as jou antwoord.) (1)

1.24. Waarmee het die kolonialiste verruil ? (1)

1.24. Wat het gebeur toe die mense van Afrika hulle land verruil het ? (1)

1.25. Watter werk moet die plaaslike mense in die stede doen ? (1)

1.26. Waarom sing die ma's wiegeliedjies vir hulle kinders ? (1)

1.27. Waarom ,dink jy, kan die kinders nie aan die slaap raak nie ? (1)

**[17]**

**TOTAAL AFDELING A : 35**

## AFDELING B – KORTVERHALE

Beantwoord ALTWEE vrae in hierdie afdeling

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande aanhalings uit **DIE KRIEKETKOLF deur ERNS GRUNDLING** aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

> **"HOWZA-A-A-AT !!!" weerklink dit rondom die Hoërskool Otto van Staden se B-veld. Al die veldwerkers se arms strek hemelwaarts – selfs dié wat op die grens staan en skaars kon sien wat op die korfblad gebeur het. *'n Mexican wave op pause.***
>
> **Okkert staan roerloos, voor hy ondertoe kyk. Die sekondes tik verby. Hy het die bal probeer dryf, maar toe glip dit deur en tref hom vol op die regterbeenskut, reg onder sy knie.**

2.1. Watter soort spreker kry ons in hierdie verhaal ? (1)

2.2. Watter hoërskool woon Okkert by ? (1)

2.3. wat kan jy sê oor die feit dat Okkert vir die B-span speel ? (1)

2.4. Wie se bynaam is "Ou Crooked Finger" ? (1)

2.5. Waarom, dink jy, het hy hierdie bynaam gekry ? (1)

2.6. Wat word bedoel met " *'n Mexican wave op pause*." ? (1)

> **"*Anyway,* ons raak agter met die *run rate.* Slaan die kort balle grens toe."**
>
> **"Shot, ek maak so." Hulle vuiste slaan liggies teen mekaar.**
>
> **"Hei, ek check jou pa is hier." Okkert kyk verbaas pawiljoen se kant toe. Hy kan nie glo wat hy sien nie. Sy pa se silwer Lexus staan nou waarlik onder die koelteboom. En bokant die oop deur troon die figuur van Okkert senior.**

2.7. Wie is die "hulle" van wie hier gepraat word ? (1)

2.8. Waarom ,dink jy, is Okkert verbaas om sy pa te sien ? (1)

2.9. Wat lei jy af van die feit dat Okkert se pa 'n Lexus bestuur ? (1)

2.10. Hoekom, dink jy, sê Okkert "hectic" toe sy vriend, Marius, vir hom sê dat sy pa hom kom sien speel het ? (1)

2.11. Hoekom het Okkert se pa nie daarin geslaag om in die Wêreldbeker te speel nie ? (1)

2.12. Graad 10 is vir Okkert 'n jaar vol aanpassings.

Gee TWEE redes waarom Okkert nie in grad 10 kon aanpas nie nie. (2)

| |
|---|
| **Sy pa is die aand nie by die huis nie. Hy is toe nie Johannesburg toe nie, maar moet gasspreker wees by die een of ander oudspeler- gesselligheid. Okkert gaan slaap vroeg: hy wil so gou as moontlik van die dag vergeet.** |

2.13.1. Hoekom wil Okkert so gou as moontlik oor daardie dag vergeet ? (1)

2.13.2. Hoe het hy gereageer toe hy die geskenk oopgemaak het ? (1)

2.13.3. Waarom was Okkert die volgende more so verbaas / geskok ? (1)

2.13.4. Hoe voel jy oor wat Okkert se pa gedoen het ? (1)

[17]

EN

Lees die onderstaande aanhalings uit 'n PA VIR SATERDAG deur CHRISTO DAVIDS aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| **Daar kom 'n gelag van onder die pawiljoen. Dit laat hom finaal uit sy beswyming kom. Hy spring op en draf in die rigting van die stemme. Sy voetstappe weerklink op die sement in die lee gang. Die wit mure rondom hom laat dit voel asof hy vir ewig hardloop na die kleedkamer aan die einde van die gang. "Groenheuwel,YES ! Groenheuwel, YES ! " hoor hy sy spanmaats toe hy die vertrek binnekom.**<br>**"Tino, hoe gaaf van jou om by ons aan te sluit."**<br>**"Jammer, Coach, ek was net gou besig om ...Sy woorde droog op.**<br>**"Ten minste het het hy darem 'n paar meter gehardloop vir die dag, al was dit sonder die bal," sê Martin spottend.** |

VRAE :

2.14. Wie is die skrywer van hierdie kortverhaal ? (1)

2.15. Watter karakter in hierdie verhaal kan ons,die leser, as die hoofkarakter beskou ? (1)

2.16. Noem TWEE karaktereienskappe van hierdie hoofkarakter. (2)

2.17. Wie was dit wat Tino daardie dag geterg het ? (1)

2.19. Wat was die naam van Tino se rugbyspan ? (1)

2.20. Watter belangrike gebeurtenis vind die volgende Saterdag plaas ? (1)

2.21. Hoe voel Tino oor hierdie gebeurtenis en waarom ? (2)

**Hy het 'n pa. Hy het hom al gesien op die troufoto's waarna sy ma party aande lê en kyk as sy haarself aan die slaap huil. Maar hy het hom nog nooit ontmoet nie. Hy vra ook nie meer oor sy pa nie, dit ontstel sy ma te veel. Hy is nie dood nie; dit het hy darem al uitgevind . Sy pa is êrens daar buite. Waar, weet hy nie, maar hy is daar. Tino skop 'n leë koeldrankblikkie uit die pad terwyl hy van die rugbyveld af huis toe stap.**

2.22. Tino se ma was 'n enkelouer. Hoekom dink jy het sy gehuil toe sy na die foto van Tino se pa gekyk het ? (1)

2.23. Dink jy dat daar goeie kommunikasie tussen Tino en sy ma was ? Verduidelik waarom jy so dink. (1)

2.24. Wat was Tino se ma se loopbaan ? (1)

2.25. Hoe weet Tino hoe sy pa lyk ? (1)

2.26. Tino was te skaam om te erken dat hy nie sy pa ken nie. (1)

Noem TWEE leuens wat Tino vir sy vriende vertel het omtrent sy pa. (2)

2.27. Het Tino se pa se afwesigheid sy ma negatief of positief affekteer ? Gee 'n rede vir jou keuse. (2)

**[18]**

TOTAAL AFDELING B : 35

GROOTTOTAAL : 70